Donderdag **28 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 18:15-20**

**Fokusgedeelte: Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 29**

**Kenmerke van die ware kerk – suiwere toepassing van die tug**

Kerklike tug word meesal deur ouderlinge, kerkrade of kommissies hanteer. Die gemeente word nie eintlik betrek nie, behalwe in die seldsame geval van ’n afkondiging oor bepaalde lidmate wat van die sakramente afgehou word, of wat op die punt staan om afgesny te word. Die gemeente word dan opgeroep om vir hierdie lidmate te bid.

MAAR volgens ons Skrifgedeelte begin die suiwere toepassing van kerklike tug by ’n gewone gelowige wat bereid is om ’n medegelowige oor sy/haar lewe aan te spreek. Jesus sê (vs 15): “As jou broer verkeerd teen jou opgetree het, gaan wys hom tereg …” Uit die verdere tugstappe wat beskryf word (vs 16-17), is dit duidelik dat dit vir Jesus om meer as persoonlike verontregting gaan; dit gaan hier oor alle sondes! (Verskeie vroeë manuskripte van die Bybel bevat nie die woorde “teen jou” in vers 15 nie.)

Die belangrike is dat jy vandag sal besef dat die suiwerheid van die kerk ook jou verantwoordelikheid is. ’n Kerk waar gelowiges mekaar nie lief genoeg het om mekaar oor sondes aan te spreek nie, is nie ’n ware kerk nie. Ja, dit bly ’n moeilike taak wat teen ’n mens se grein ingaan. Ons bemoei ons eerder met ons eie sake. “’n Toe mond is ’n heel mond,” sê die spreekwoord. Maar dit gaan om die eer van God en jou medegelowige se saligheid! Daarvoor moet ’n mens bereid wees om uit jou gemaksone te beweeg.

Indien ’n mens die teregwysing in liefde, en soos Jesus sê, “eenkant alleen” hanteer (vs 15), kan daar ’n goeie afloop wees. Jy kan jou medegelowige terugwen en Jesus self sal by julle wees! (Vgl vers 19.)

*Sing: Psalm 32-1:3*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*